

9 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21

Fokusgedeelte: DL, VD 3/4:1

Adam se sonde alleen is genoegsaam om die hele mensdom te verdoem, of is dit ?!

Dit is eintlik verstommend hoedat dwaalleer kan ontstaan, selfs al staan die waarheid so duidelik in die Bybel! Die een rede daarvoor is dat mense sekere dinge wat in die Bybel staan net nie wil aanvaar nie. Daarom verdraai hulle die waarheid en kom met 'n (vir hulle) aanvaarbare dwaling te voorskyn. So bedrieg hulle hulle en ongelukkig ook baie ander.

Die Bybel sê byvoorbeeld baie duidelik (vers 12): “Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.” Dit word nog verder beklemtoon (vers 18): “Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense ...” Omdat dit vir sekere mense moeilik is om te aanvaar dat alle mense ná Adam ook nou sondaars is sê hulle dat 'n mens nie eintlik kan sê dat die oorspronklike sonde alleen voldoende is om die hele mensdom te verdoem of om tydelike en ewige strawwe te verdien nie.

Die Sinode het natuurlik hierdie dwaling verwerp en het dit nie eens nodig geag om die saak te beredeneer nie. Nee, met enkele ondubbelsinnige aanhalings uit die Skrif word die dwaling duidelik weerlê.

Die gesindheid waarmee ons die Bybel lees en aanvaar is dus baie belangrik. As ons die Bybel bloot sien as menslike gedagtes oor God, dan sal ons ook sekere dinge wat vir ons onaanvaarbaar is wil verander en sê: “'n Mens kan nie eintlik sê dat ...” As 'n mens egter die Bybel as God se geïnspireerde openbaring oor Homself sien, as 'n mens glo die Bybel is God se Woord, sal jy alles daarin sonder voorbehoud aanvaar. Daarom moet ons bid dat God deur sy Gees sy vir-die-mens-onaanvaarbare-Woord vir ons aanvaarbaar sal maak, nie deur sy Woord te verander nie, maar deur ons te verander!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~